Saterdag 5 September
Skrifgedeelte: Kolossense 4:2-6
Fokusgedeelte: Kolossense 4:2
Wees lankmoedig in gebed

Die hoofklem van hierdie laaste hoofstuk van Kolossense is weer op die praktyk van die Christen se lewe in die wêreld. Gebed is die bron van krag vir so 'n suksesvolle en praktiese Christelike lewe. Christene wat bid, leef soos hulle bid!

Letterlik staan daar "die gebed toegewy" sodat gebed beklemtoon word! Dit beteken nie dat al wat jy doen is om die hele dag te bid nie, maar dit beteken wel dat 'n mens se toewyding aan gebed alles in jou lewe beïnvloed.

Dink aan 'n man wat aan sy vrou toegewy is of andersom. Die gedagte is dat die een hom- of haarself aan die ander toewy. Toewyding impliseer 'n sterk gehegtheid, getrouheid, ywer en toegeneentheid vir iemand of iets – in hierdie geval gebed. Om jouself toe te wy, behels die toewysing van jou tyd en hulpbronne. Jy gee jouself! Iemand wat toegewyd is, is vurig, konstant, lojaal, standvastig en gefokus op die taak. Hoe vergelyk jou gebedslewe met hierdie beskrywing? Sou jy sê jy is toegewyd in jou gebedslewe? Indien nie, waaraan wy jy dan jou lewe ... aan die tydelike of ewige dinge? Wat moet verander? Hoe moet ons bid? Let op die geïnspireerde Paulus se eenvoudige instruksies in hierdie gedeelte oor hoe om te bid: (1) volhard (2) wees waaksaam en (3) wees dankbaar.

In vandag se dagstuk gaan dit net oor lankmoedigheid (geduldige volharding) in die gebed. Een ding is baie duidelik uit hierdie gedeelte – dit is God se wil dat ons gedurig en aanhoudend moet bid. Gebed is nie 'n interkom tussen ons en God om vir ons allerhande geriewe te verseker nie. Gebed is geestelike kommunikasie vir die daaglikse, geestelike "slagveld". Dit is die skakel tussen aktiewe soldate en hulle bevelshoofkwartier, met sy onbeperkte vuurkrag en lugdekking en strategiese wysheid. Geen Christen kan in die praktyk van die daaglikse lewe staande bly as Christen as daar nie gedurig en aanhoudend gebid word nie. Ons moenie "dros" uit die "linie"van God se "leërmag" nie. Op ons knieë kan ons getrou staande bly in die stryd tot eer van God.

'n Lankmoedige gebedspraktyk spreek van 'n besef van nederige afhanklikheid van God. Hierdie lewenspraktyk is 'n uitroep vir die kragtige ondersteuning en lewensveranderende werking van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 70-1:1, 2*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*